# Volksvergadering van die Geloftevolk in Suid-Afrika

15-16 Oktober 2022 in Hoopstad omgewing [Jak.4:15].

## Tema:

**Jer.31:22(a)** Hoe lank sal jy bly aarsel, o afkerige dogter?

Hierdie byeenkoms is 'n MOET in terme van:

**Deut.16:16**

Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die Aangesig van JaHWeH jou EL *[die HERE jou God]* verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die Fees van die Ongesuurde Brode en op die Fees van die Weke en op die Huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van JaHWeH verskyn nie;

Geagte Volksgenoot

Neem asb. kennis van die veertiende Volksvergadering van die Geloftevolk in Suid-Afrika.

Teen hierdie tyd weet volksgenote wat bekend is met die volksvergaderings wat plaasvind onder leiding van die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK], dat volksvergaderings plaasvind volgens Bybelse voorskrifte wat datum, sakelys en plek van samekoms aanbetref. Die plek, besprekingspunte en sprekers word met lotsbeslissing vasgestel [Spr.16:33 en Hand.1:15-26]. Andries Pretorius as aanvoerder van die Strafkommando is op hierdie wyse aangewys [[i]] asook die eerste Voortrekker kerkraad in Natal [[ii]].

Jammerlik is hierdie gebruik nie binne volksverband voortgesit nie, wat beteken dat JaHWeH se Seggenskap in die aanwys van volksleiers, weens eiesinnigheid beëindig is. Sy Inspraak is deur die stem van die meerderheid [demokrasie] vervang, en pluk ons tans die vrot vrugte daarvan. Volgens Ex.23:2 [1] mag die meerderheid nie gevolg word in die verdraaiing van die reg nie. Met verloop van baie jare het politieke- en kerklike leiers hul plig versuim en is die reg [1961 grondwet] verdraai en vervang met multikulturele demokrasie. Die aanhef van die 1961 grondwet het gemeld het dat ons die Oppergesag en Leiding van God Almagtig erken, wat sedert 1994 nie meer die geval is nie. Die demokratiseering was verraad teen God Almagtig en almal wat Sy Oppergesag en Leiding erken.

[1] **Ex.23:2** Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in 'n regsaak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie.

Daarom is dit te begrype waarom JaHWeH Jer.31:22(a) as Tema aangewys het en moet ons as afkerige volk onsself afvra

- Hoe lank sal ons nog aarsel om Hom, Wie ons as die HERE leer ken het, te raadpleeg oor wie ons leiers moet wees?
- Hoe lank gaan ons as afkerige volk weier om die afsprake met Hom, soos in Deut.16:16 vereis, na te kom?
- Hoe lank gaan hierdie afkerige volk weier om die regte gelofte van Bloedrivier [iii] te erken en hul daaraan te bind, aangesien ons 'n verkeerde weergawe herdenk. Die maatstaf vir gelofteonderhouding vereis dat dit wat oor jou lippe gegaan het, herdenk en onderhou moet word – Deut.23:21-23. Afwykings daarvan is sonde.
    - Hiermee 'n skakel na 'n veslag waarvan Deel Een die betekenis van die vervulling van die outentieke gelofte uiteensit en waarvan Deel Twee 'n verslag is ter vasstelling van die Outentieke Gelofte van Bloedrivier- https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf
    - Dit kom daarop neer dat ons tans 'n leuen weergawe van die gelofte herdenk, wat eers 30 jaar later opgeteken is en gevolglik die Teokrasie wat in werklikheid ooreengekom is, versaak.
- Hoe lank wil hierdie afkerige volk die Paardekraal gelofte [iv] ignoreer en vermy deur eerder gemeente- en gemeenskaps byeenkomste by te woon en sodoende die toorn van JaHWeH wek deur Hom te terg en die huidige strafgerig oor ons as volk te laat voortduur? Die leiers van hierdie volk is misleiers en die volk laat hulle mislei.

Dit is tyd dat hierdie volk gekonfronteer word soos Jesaja 58 dit stel: **Jes 58:1** Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.

Daar kom 'n tyd in 'n volk se lewe dat mooipraat nie help nie; wanneer mooipraat volksmoord pleeg. Ons as volk het nou daardie punt bereik en ons voortbestaan binne Skriftuurlike verband is by verre belangriker as ons voortgesette lidmaatskap aan institusies, waardeur ons ons in die huidige toedrag van sake laat inlei het. Die werklike inhoud van die Gelofte van Bloedrivier word deur die organiseerders, predikers en sprekers van Geloftefees byeenkomste, van u weerhou. Die oorspronklike gelofte vereis dat 'n huis gestig word, wat neerkom op 'n Teokrasie soos vervat in dokumentasie – sien die skakel hierbo.

Ons bid dat Sy koninkryk moet kom, wat verseker nie 'n demokrasie sal wees nie, maar 'n Toekrasie.

- Waarom dan 'n demokrasie aanhang?
- Waarom Hom nie toelaat om ons leiers vir ons aan te wys, nie?
- Waarom Hom nie toelaat om oor ons te regeer nie?
- Waarom voortgaan om Sy inspraak te verwerp?

Dit laat mens dink aan: **1Sam.8:7** Toe sê JHWH *[die HERE]* vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, **maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie**.

Israel se eiesinnigheid en hunkering om 'n koning te hê <u>soos die nasies rondom</u>, het gelei

- tot hul afvalligheid,
- tot ballingskappe,
- tot wêreldwye verstrooiing,
- tot demokrasie,
- tot afkerige dogter,
- tot verstrooide gemeente duskant die riviere van Kus aan die einde van die dae.

Sefánja profeteer dat ons koning, met ons sal wees voordat Sy wederkoms plaasvind. Laat ons ons dan voorberei vir die vervulling van die geloftes van Bloedrivier en Paardekraal- vir die totstandkoming van 'n Melgisedek-krasie binne die herstelde Boere Republieke.

Ons Geloftes is bewys dat Vader JaHWeH ons koms hierheen voorsien het en in tye van nood bygestaan het. Die datums van ons geloftes is reeds in die vooruitsig gestel met Jan van Riebeeck se reis hierheen. Hy gaan aan boord die Drommedaris op 16 Des. 1651 en anker op 6 April 1652 in Tafelbaai en lê ons eerste gelofte af op 6 April 1654. Ons is vanaf ons ontstaan Geloftevolk. Ons ontstaan en voortbestaan is verbonde aan ons geloftes met Vader JaHWeH. Laat ons dit nakom en in vrede met Hom leef, aangesien ons tans die straf vir nalatigheid ervaar soos opgeteken in Deut.23:21-23 en Prediker 5:3-5.

**Hoe lank wil u nog bly aarsel – afkerige volk?**

Verlede jaar se Volksvergadering se tema was: **Ps.81:14-15** Ag, as My volk maar na My wou luister, Israel in My weë wou wandel! **Gou** sou Ek hul vyande onderwerp en My Hand teen hul teëstanders uitstrek.

Toe die burgers van die geannekseerde ZAR tydens die 1879 volksvergadering te Wonderfontein hul nalatige onderhouding van die 1838 Gelofte bely en vir die eerste keer in 41 jaar die Gelofte van Bloedrivier binne volksverband herdenk het, het die getrouheid van Vader JaHWeH soos verwoord in Ps.81:14-15, **werklikheid geword**.

'n Jaar later, tydens die 1880 volksvergadering by Paardekraal, het hulle die gelofte van Paardekraal afgelê en vir die tweede keer die Bloedrivier Gelofte herdenk, waarop die Eerste Vryheidsoorlog begin het en elf weke later het JaHWeH die Gelofte van Paardekraal vervul met die Slag van Majuba. Dit is hoe **gou** Hy die lot van ons voorsate verander het – 'n jaar en elf weke!!!

Met dit in gedagte sal die Volksvergadering op sterkte van Deut.16:16 en Jak.4:15 plaasvind en dank die GKK almal wat die afgelope 13 jaar getrou die vergaderings bygewoon het en word u hiermee uitgenooi na 'n afspraak wat u met u toekoms het. 'n Toekoms wat beslis word waar ons as volk voor die Aangesig van Vader JaHWeH verskyn.

# Sakelys

**<u>15 Oktober 2022</u>**

| | |
|---|---|
| 08h00 - 08h45 | Opening, verwelkoming en ordening |
| 08h45 - 09h15 | Skriftuurlike vereistes vir leierskap binne Teokratiese verband. - Johan Erasmus |
| 09h15 - 09h45 | Bespreking |
| 09h45 - 10h00 | Blaaskans |
| 10h00 - 10h30 | Die raadslae van JHWH se hart binne die konteks van Jer.30:24 [2] - Tienie Dumas |
| 10h30 - 11h00 | Bespreking |
| 11h00 - 11h30 | Mat.11:1-6 [3] - Pieter Kruger |
| 11h30 - 12h00 | Blaaskans |
| 12h00 - 12h30 | Bespreking |
| 12h30 - 13h00 | Die dag van JHWH, Mal.3:2 & 4:1 [4] - Jurgens van Zyl |
| 13h00 - 14h00 | Ete – selfvoorsienend |
| 14h00 - 14h30 | Bespreking |
| 14h30 - 15h00 | Jer.31:21-25 [5] - Conrad van Niekerk |
| 15h00 - 15h30 | Bespreking |
| 15h30 - 16h00 | Blaaskans |
| 16h00 - 16h30 | 1Kron.16:24-25 [6] - Kobus Botes |
| 16h30 - 17h00 | Bespreking |

Dag afsluiting.

---

[2] **Jer.30:24** Die toorngloed van JHWH sal nie afgewend word nie, totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van Sy hart; aan die einde van die dae sal julle dit verstaan.

[3] **Mat.11:1** En toe Jahshua [Jesus] klaar was met bevele aan Sy twaalf dissipels te gee, het Hy daarvandaan weggegaan om te leer en te preek in hulle stede. :2 En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur :3 en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? :4 En Jahshua het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: :5 blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. :6 En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.

[4] **Mal 3:2** Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers.

**Mal 4:1** Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.

[5] **Jer.31:21** Rig vir jou mylpale op, maak vir jou padwysers, let op die grootpad, die pad wat jy geloop het. Kom terug, o jonkvrou van Israel, kom terug na hierdie stede van jou! :22 Hoe lank sal jy bly aarsel, o afkerige dogter? Want die HERE het iets nuuts op die aarde geskape: Die vrou sal die man beskerm. :23 So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Weer sal hulle hierdie woord sê in die land Juda en in die stede daarvan, as Ek hulle lot verander: Mag die HERE jou seën, o woning van geregtigheid, heilige berg! :24 En Juda en al sy stede sal daarin woon, almal saam; die landbouers en die wat met troppe vee rondtrek. :25 Want Ek verkwik die vermoeide siel en elke kwynende siel versadig Ek.

[6] **1Kron.16:24** Vertel onder die nasies sy eer, onder al die volke sy wonders. **:25** Want die HERE is groot en baie lofwaardig, en Hy is gedug bo al die gode.

**16 Oktober**

| | | |
|---|---|---|
| 08h30 – | 08h45 | Verwelkoming en ordening |
| 08h45 – | 09h45 | Verootmoedigingsdiens - Chris du Plessis |
| 09h45 – | 10h00 | Blaaskans |
| 10h00 – | 10h30 | Die Hoer van Babilon t.o.v. Openbaring 18:4 [7] - Flip Swanepoel |
| 10h30 – | 11h00 | Bespreking |
| 11h00 – | 11h30 | Hofsaak terugvoering - Michael Lombard |
| 11h30 – | 12h00 | Bespreking |
| 12h00 – | 12h15 | Algemeen |
| 12h15 – | 12h30 | Afsluiting en vergadering verdaag. |
| 12h30 | | Ete – selfvoorsienend. |

Navrae: Inligting@volksvergadering.co.za

**Ordereëlings van die Volksvergaderings van die Geloftevolk in Suid-Afrika**

1. Reg van toegang is voorbehou vir die Geloftevolk wat as volg bely en gedefinieer is:

   1.1. Opsomming van wet: **Mat. 22:35-40** *[1933/53 Afrikaanse Bybel]*

   En een van hulle, ‘n wetgeleerde, het ‘n vraag gestel om Hom te versoek en gesê: Meester, wat is die groot gebod in die wet? En JaHshua *[Jesus]* antwoord hom: Jy moet JHWH jou El *[die Here jou God]* liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

   1.2. Bely dat JaHshua die Messias [Jesus die Christus] is en dat Hy die Seun van JaHWeH [die HERE] is en dat Hy die enigste Middelaar is tot die Ewige Lewe in die koninkryk van JHWH [die HERE].

   1.3. Die Geloftevolk is daardie volk wat gebonde is aan God Almagtig weens die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880]. Ons is vanaf die begin Geloftevolk. Alhoewel ons ook as Boerevolk en Afrikanervolk bekend staan, vind ons grootste en vernaamste byeenkomste nog steeds rondom ons Geloftes plaas!

[7] **Op.18:4** En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

2. Afrikaans is die taal waarin die vergaderings plaasvind.
3. Die doel en tema van die vergadering soos uiteengesit in die uitnodiging vorm die grense waarbinne daar debat gevoer sal word.
4. Volksgenote is welkom om ander sake aan die komitee op te dra vir toekomstige vergaderings.
5. Geen persone of instansies mag verkleineer of bevorder word nie.
6. Deelnemers aan die vergaderings word versoek om op eerbiedige wyse die aanspreekvorme van ons hemelse Vader, Seun en Heilige Gees te gebruik waarmee hulle vertroud is.
7. Die vergaderings distansieer hul van enige geweldsoptrede teen die huidige bestel, wat 'n strafgerig is wat oor ons gekom het, en enige opruiende deelname of verwante optrede sal tydens die verloop van die vergaderings buite orde wees, tog ywer die vergaderings om hierdie strafgerig te beëindig deur die Aangesig van ons hemelse Vader te soek.
8. Die besluite van die vorige volksvergaderings van die Geloftevolk is bindend op daaropvolgende vergaderings, vernaamlik:
   - 8.1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
   - 8.2. Dit noodsaaklik is dat alle middele aangewend word om die Geloftevolk in stand te hou.
   - 8.3. Die toekomstige staatsmodel van die Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
   - 8.4. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis, soos hanteer is deur die Teokratiese Komitee en eenparig aanvaar is tydens die Orania Volksvergadering van 2011.
   - 8.5. Die volgende Teokratiese beginsels word reeds deur die komitee geïmplementeer:
     - 8.5.1. Raadpleging d.m.v. lotsbeslissing as Teokratiese beginsel word toegepas om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom. Dit word verder omskryf in dokumentasie wat deur die GKK en die TK [Teokratiese komitee] opgestel is, nl. Die Teokratiese verslag [Hoofstuk 2.6.2] asook in Die Konsep Grondwet, par.77.2 en verder.

       **Spreuke 16:33** In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van JHWH *[die HERE].*
     - 8.5.2. Die vergadertye van die Geloftevolk is in ooreenstemming met:

       **Deut.16:16** Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van JHWH jou El [die HERE jou God] verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van JHWH [die HERE] verskyn nie;

9. Daar sal streng by die ordereëlings gehou word;

   9.1. Persone wat nie by die ordereëlings hou nie en sodoende buite orde raak, bring die heiligheid van die vergadering en die Teokratiese samestelling in gedrang.

   9.2. Persone wat buite orde optree sal versoek word om onmiddelik die vergadering en perseel te verlaat.


   9.3. Lede van die GKK moet deurgaans die voorsitter behulpsaam wees om ordereëlings te handhaaf.

10. Kennisgewing van vergaderings moet vooraf geskied by wyse van hetsy, plakkate, pamflette in posbusse, radio en koerant advertensies, epos, elektroniese media- en platvorms, en persoonlike uitnodigings.

**Eindnota's**

---

[i] De Zuid-Afrikaan, Vrydag 14 Juny (sic) 1839



... door den Hr. J. G. Bantjes, den Klerk des Volks Raads, die gedurende de expeditie als Secretaris van den Hoofd-Kommandant, heeft geageerd:—

Nademaal de Heer Andreas Wilhs. Jacs. Pretorius, eenige dagen geleden alhier is aangekomen, met eene party zyner manschappen, ten einde met een kommando, in den kryg tegens *Dingaan*, Opperhoofd der Zoolas op te trekken, om te trachten het, door hem, van onze dood gemartelde mede-reizigers geroofde, terug te halen; ontstond er ten gevolge van dien aankomst, groote blydschap onder het algemeen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door gemelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe ongaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den staat waarin zyne mede-reizers verkeeren, in het lager als in een gevangenis opgesloten zynde, hy die gewigtige zaak, gewilliglyk op hem nemen zou, en zyne vermogens zoude inspannen, om te doen, hetgeen onze wezentlyke belangens vorderen. Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzigtig bestier zoude plaats hebben, om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, aan te teekenen.

Zoo was het dan, dat ik my haastte, en zond des anderen daags, zynde den 27sten Nov. 1838, mynen wagen, naar de ...

[ii] JOERNAAL VAN 'N TREK, UIT DIE DAGBOEK VAN ERASMUS SMIT

[1837] 101

Zondag eerstkomende, na de predikatie, van die spreekplaats af te lezen.

*Zaterdag, 2 Dec.* Onze Goeverneur zond heden en de vorige dag 'n brief rond, om alle mensen te nodigen om op Zondag, de 3e Dec., 'n algemene dankdag in 't hoofdleger te vieren.

*Zondag, 3 Dec.* De opkomst tot de Godsdienst was aangenaam: velen kwamen van nabij en van verre aan. De léraar predikte op deze bid- en dankdag over 1 Sam. 7:12;[32] las daarna 'n herder- en vaderlike brief van de Goeverneur aan de gemeente voor; en voorts werden de namen voorgelezen van 'n Kerkeraad, 2 Ouderlingen en 2 Diakenen, door 't lot verkozen uit 'n tiental: Brs. François Retief en Carel van der Merwe tot Ouderlingen; en Brs. Christiaan Liebenberg en Roelof Dreyer tot Diakenen.

In de namiddag verhandelde de léraar Hand. 20: 26-32, bijwijze van inwijding en bevestigingsrede gepast op de Kerkeraad. De Broeders werden toen, naar 't formulier van onze Nederduitse Gereformeerde Kerk, in de Heilige Dienst bevestigd, door E. Smit, de léraar der gemeente. Voorts werden er 4 kinderen door de Heilige Doop in de Kerk ingewijd.

[iii] De Zuid-Afrikaan, Vrydag 14 Juny (sic) 1839.

Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden),—" om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden




[iv] Paardekraal Monument Krugersdorp

